Geagte Ouers

AANSOEK OM TOELATING VIR 2025-SKOOLJAAR - GEORGE-SUID PRE-PRIMÊR

George-Suid Pre-Primêr is 'n trotse instansie waar kinders toegelaat word om te speel, kreatief te wees en sover as moontlik voor te berei vir Graad 1.

Die skool werk doelgerig om aan leerders die beste onderrig te gee en gebalanseerde, goed aangepaste kinders, is elke skool se trots.

Die skool beskik oor twee persele waar die #kleinloeries kan nes skrop.

- *Graad R (ouderdom 5 - 6 jaar): George-Suid Pre-Primêr, Cradockstraat, George-Suid*
- *Graad RR (ouderdom 4 - 5 jaar): George-Suid Pre-Primêr Tuinedal, Palgravestraat, Dormehlsdrift*

U ontvang hiermee 'n Graad R/RR-aansoekpakket vir die 2025-skooljaar

Voltooi asseblief volledig en heg alle dokumentasie aan soos aangevra. Onvolledige aansoeke kan nie verwerk word nie.

WKOD aanlyn-aansoek proses teikendatums as volg:

- Aansoeke open 1 Augustus 2024 en sluit 16 Augustus 2024.
- Slegs beskikbare plekke sal gevul word.
- Ouers word per e-pos ingelig aangaande die uitkoms van aansoeke tussen 17 en 19 September 2024.
- In geval van plasing moet ouers aanlyn bevestig of die plasing aanvaar word of nie teen 30 September 2024.

Belangrike inligting rondom aansoeke:

- Indien u aansoek suksesvol is, sal u gevra word om 'n bevestigingsfooi van R1 000 binne een kalendermaand na bevestigings e-pos ontvang is te betaal. Hierdie betaling sal u plasing bevestig en word teen u skoolrekening afgeskryf.
- Aansoekers moet op die WKOD Aanlynstelsel registreer en die bewys van registrasie by die skool indien. Let asseblief daarop dat Laerskool George-Suid addisionele inligting benodig om u aansoek te verwerk. U moet dus 'n skool-aansoekvorm voltooi en die bewys van u WKOD Aanlyn-aansoek by die skool indien sodra die Aanlyn-aansoek voltooi is. Neem asseblief kennis dat die WKOD aanlynstelsel op 16 Augustus 2024 sluit en ouers na hierdie datum direk by die skool moet aansoek doen om toelating.
- Aansoeke moet volledig in leesbare skrif voltooi en onderteken word deur beide ouers en getuie.
- Alle dokumentasie moet die aansoek vergesel.
- Verseker dat die korrekte e-pos adres vir kommunikasie-doeleindes gegee word.

Inskrywingsnavrae kan aan die skool by 044 873 3464 of aan aansoeke@lgs.co.za gerig word.

Vriendelike groete.

Mnr Sas du Plessis Skoolhoof

AANSOEK OM TOELATING 2025

		Uitslag	Toegelaat ☐	Waglys ☐	Voldoen nie ☐			**Skoolhoof:**		
Toelatingsno.		Cemis			Pastel		WKOD aanlyn ☐	Databasis ☐	Epos ☐	Notas:

Datum van ontvangs: _____ Datum van aanlyn aansoek: _____

Datum wanneer toelating benodig word: _____ LGS is my 1ste / 2de / 3de keuse skool.

☐ **Gr R:** *George-Suid Pre-Primêr, Crodockstroot, George-Suid* ☐ **Gr RR:** *George-Suid Pre-Primêr Tuinedal, Palgravestraat, Dormehlsdrift*

Voltooi asseblief volledig en heg onderstaande dokumente by die aansoek aan. Onvolledige aansoeke kan nie verwerk word nie.

☐ ***oorspronklik, gesertifiseerde geboortesertifikaat***
☐ ***oorspronklik, gesertifiseerde kopieë van ouers ID***
☐ ***onlangse rapport/verslag van huidige skool***
☐ ***bewys van woonadres***
☐ ***kliniekkaart***
☐ ***WKOD-aanlynbewys***
☐ ***POPIA-dokumentasie***

Indien van toepassing:
☐ ***mediese- en/of sielkundige verslae***

☐ ***Geskeide egpare: Veiligheid van leerders is prioriteit. In die geval van 'n geskeide egpaar, moet 'n kopie van die toesigooreenkoms aangeheg word.***

LEERDERBESONDERHEDE

Van: _____ Doopname: _____

Noemnaam: _____ ID nommer: _____ Huistaal: _____

Geslag: *Monlik / Vroulik* Hoeveelste kind in gesin? _____ Kerkverband: _____

Het u reeds ingeskrewe leerders by George-Suid Pre-Primêr of Laerskool George-Suid of doen u aansoek vir enige ander leerder? Indien Ja, meld asb:

Naam: _____ Graad: _____ Naam: _____ Graad: _____

Mediese data (Kliniekkaart MOET aangeheg word)

Allergieë: _____ Medikasie: _____

Gebruik die leerder medikasie vir bv. aandagfleibaarheid? **Ja / Nee** (Indien ja, heg asb doktersverslae aan)

Enige mediese toestand waarvan die skool moet kennis dra? _____

Dui aan of die leerder reeds deur professionele persone getoets is, bv. Sielkundige, arbeidsterapeut ens. **Ja / Nee** (Indien ja, moet die verslag aangeheg word.)

SKOOLREKORD (Inligting van vorige skool bygewoon)

Skool: _____ Provinsie: _____

Adres: _____ E-posadres: _____

Telefoonno.: _____ Datum waarop leerder skool verlaat/het: _____

BESONDERHEDE VAN OUERS / VOOGDE

	Vader /Voog	**Moeder/ Voog**
Van		
Doopname		
Noemname		
Identiteitsnommer		
Spesifiseer beroep		
Werkgewer		
Telefoonnommer (Werk)		
Huisadres		
Posadres		
Telefoonnommer (Huis)		
Selfoonnommer		
E-posadres		
Huwelikstatus	Getroud / Ongetroud / *Geskei / Wewenaar / Weer getroud	Getroud / Ongetroud / *Geskei / Weduwee / Weer getroud

FINANSIËLE INLIGTING

Ouer/Voog 1: _____ Ouer/Voog 2: _____

ID nommer: _____ ID nommer: _____

Woonadres: _____ Woonadres: _____

Posadres: _____ Posadres: _____

E-pos adres vir rekening: _____ Betaalwyse: ☐ Aftrek-order ☐ EFT ☐ Kontant

Skoolfooie kan maandeliks of jaarliks vereffen word. Betalings moet voor die einde van elke maand ontvang word. Dit beteken dat die eerste paaiement reeds in Januarie betaalbaar is. Die LGS Finansiële kantoor is oop vanaf Maandae tot Donderdae, 07:30 tot 15:15 en Vrydae vanaf 07:30 tot 14:00 om skoolgeld te ontvang. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Indien 'n aftrek-orderstelsel verkies word, is dit u verantwoordelikheid om dit self by u bank te reël.

Volledige Finansiële Ooreenkoms gesluit tussen aansoeker en George-Suid Pre-Primêr

Ek/Ons, die ondergetekendes

Naam en Van: _____ Identiteitsnommer _____

Naam en Van: _____ Identiteitsnommer _____

woonagtig te _____ /

(domicillium citandi et executandi)

in my/ons hoedanigheid as die wettige ouer/voog van _____ (hierna genoem "die LEERDER") onderneem hiermee ten gunste van George-Suid Pre-Primêr (die Skool) soos volg:

SKOOLFOOIE

1.1 *Ek/Ons onderneem* om *die verpligte skoolfooie, soos jaarliks vasgestel deur die Beheerliggaam van die Skool, in 11 (elf) gelyke maandelikse paaiemente, by wyse van elektroniese oorbetaling (EFT), kontant of aftrekorder teen my bankrekening, te betaal.*

1.2 *Ek/Ons onderneem gesamentlik en afsonderlik* om *die skoolfooie te betaal en ek/ons begryp dat:*

1.2.1 Die jaarlikse skoolfooi 'n verpligte bedrag sal wees, soos deur die meerderheid van die ouers, by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur is.

1.2.2 Ons terme is die volgende:

(a) Die volle bedrag kan betaal word, in een bedrag aan die begin van die skooljaar, of

(b) Die skoolgeld mag in elf maandelikse paaiemente betaal word.

1.2.3 Indien ouers agterstallig is met twee paaiement, word onderrig gestaak en beide ouers sal deur die skool gedagvaar word, ongeag onderhoudsreëlings en hofbeslissings tussen die partye.

1.2.4 Die partye verbind tot hierdie ooreenkoms onderneem om alle regskostes te betaal, insluitend prokureurs/kliënte fooie en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan word, indien die skool geregtelike stappe moet neem om skoolgelde te verhaal.

1.2.5 Betaling moet reeds voor of op die sewende van elke maand die skool bereik. Let daarop dat elektroniese inbetalings reeds die sewende van elke maand op die bankrekening moet registreer, beplan inbetalings dus vroegtydig.

1.2.6 Die skool mag enige persoonlike inligting van ouers se aanspreeklikheid ten opsigte van die betaling van skoolfooie, op die skoolrekenaarstelsel of ander stelsel bewaar.

1.2.7 Die skool mag navraag doen of inligting verkry oor ouers dmv 'n Inligtingsburo of persone wat as agente optree.

1.2.8 Ons gee toestemming dat die skool ons persoonlike besonderhede alleenlik aan ander ouers, opvoeders of persone aan die skool verwant, mag deurgee, behalwe as ons skriftelik magtiging gee vir die teendeel.

1.2.9 Indien ouers versuim om die skoolfooie te betaal, mag die skool die ouers se wanbetaling aan 'n kredietburo bekend maak. Enige inligting wat aan 'n kredietburo oorgedra word, sal ook aan ander krediteure beskikbaar wees om krediet risiko's te verminder.

1.2.10 Dit bly die rekeninghouer/s se verantwoordelikheid om rekeninge na te gaan vir korrektheid. Indien u en die skool se state nie ooreenstem nie, stel asseblief die skool se finansiële beampte skriftelik daarvan in kennis.

1.2.11 Indien ouers onderrig wil opskort, moet skriftelike kennis van een (1) kalendermaand aan die skool gestuur word. Indien die ouer versuim om die skool skriftelik in kennis te stel, sal ouers steeds verantwoordelik gehou word vir die volle skoolfondsheffing.

1.3 *Die eerste paaiement is betaalbaar op die sewende dag van Januarie in die jaar waarin die LEERDER die skool bywoon en die skoolfooie betaalbaar is, met die laaste paaiement op die sewende dag van November van die betrokke jaar.*

1.4 *Vir die doeleindes van hierdie onderneming, enige kennisgewing of regsaksie teen my ingestel en alle prosesstukke wat op my beteken mag word, kies ek hiermee my adres soos uiteengesit in die aanhef van hierdie onderneming as my domicilium citandi et executandi.*

1.5 *Ek/Ons aanvaar hiermee aanspreeklikheid vir betaling van die Skool se regskostes, insluitende invorderingskommissie, op 'n skool soos bereken op 'n prokureur en eie kliëntskool, indien die Skool enige regsaksie teen my sou instel in terme van hierdie onderneming.*

ALGEMENE VRYWARINGSVORM

Hiermee gee ek, _____ ouer/wettige voog van _____ toestemming dat hy/sy aan skoolaktiwiteite mag deelneem wat deel vorm van sy/haar skolastiese ontwikkeling. Verder vrywaar ek die skool en/of sy afgevaardigdes wat die aanbiedings meemaak of aanbied van enige eise wat mag spruit uit enige ongevalle wat mag ontstaan a.g.v. genoemde aktiwiteite, growwe nalatigheid of opset uitgesluit.

☐ Hiermee gee ek toestemming dat slegs nood mediese behandeling toegepas mag word.

☐ Ek verklaar verder dat, na die beste van my wete, genoemde leerder nie aan enige aansteeklike siektes ly nie.

☐ Hiermee verklaar ek dat ek alle mediese inligting aan die skool verskaf het.

Die Skool of sy afgevaardigdes onderneem om die ouer/voog dadelik van enige voorval in kennis te stel, hetsy mondelings, telefonies of skriftelik, afhangende van die aard van die ongeval.

Mediese fonds _____ Lidnommer _____

Huisdokter _____ Telefoonno _____

Tweede kontakpersoon en kontaknommer indien ouer/voog nie beskikbaar is nie: _____

DISSIPLINÊRE KODE

Alle ingeskrewe leerders is onderworpe aan die Gedrags- en Dissiplinêre kode van die skool. Dit is elke ouer se vantwoordelikheid om hul te vergewis van die inhoud daarvan (beskikbaar op www.lgs.co.za). Met die ondertekening van hierdie aansoek, aanvaar ek die Gedrags- en Dissiplinêre kode soos daargestel deur die Skoolbeheerliggaam.

OUERBETROKKENHEID

George-Suid Pre-Primêr kon nog altyd roem op betrokke ouers. Hiermee gee ek toestemming dat my en my gade se kontakbesonderhede beskikbaar gestel mag word aan Laerskool George-Suid Oueraksie, Ondersteunersklub, Kultuurgroep en ouers wat verkies word as klas-/ graadverteenwoordigers tot hierdie komitees, ter uitvoering van hul pligte.

Hiermee word verklaar dat alle inligting vervat in hierdie aansoekvorm en aanhangsels daartoe toegevoeg, waar en korrek is.

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20__.

1. _____

Handtekening en volle naam en van - Ouer/Voog

2. _____

Handtekening en volle naam en van - Ouer/Voog 2

3. _____

Handtekening en volle naam en van - Getuie

LAERSKOOL GEORGE-SUID

Skool van uitnemendheid

Geagte Ouers

WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING (POPIA)

Die reg op privaatheid word deur die Grondwet beskerm en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) verskans daardie reg met wetlike inwerkingtreding op 1 Julie 2021. Laerskool George-Suid verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting en tot die nakoming van die regulasies. As deel van hierdie implementering en om aan POPIA-vereistes te voldoen, word toestemming soos uiteengesit in punt 1 en 2 onder, vereis.

Neem asseblief kennis:

1. Die toestemmingsvorms is gebaseer op FEDSAS (Federasie van Verenigings van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) se voorgestelde template en word beskou as 'n standaard vir beheerliggame en skole t.o.v. POPIA.
2. LGS vra nie toestemming tot enigiets anders as die huidige modus operandi nie, maar slegs u toestemming om voort te gaan met die manier waarop ons persoonlike inligting verwerk.
3. Wees asseblief verseker dat die beskerming van ons skoolgemeenskap se persoonlike inligting vir LGS uiters belangrik en vertroulik is.

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik: Toestemmingsvorm Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Aanhangsel A)

- LGS poog om selektief te wees in die gebruik van inligting met spesifieke fokus op die uitvoering van die skool se rol as opvoedingsinstelling en in die belang van die bevordering van die leerders en die skool.

Toestemming vir die gebruik van beelde: Vrywaringsvorm mbt leerderfotos, beeldmateriaal, video's (Aanhangsel B)

- LGS poog om slegs spesifieke soort foto's en beeldmateriaal te gebruik en te verseker dat beelde vir 'n skoolomgewing geskik is. Sodanige foto's dra by tot die bemarking van die skool en om die LGS-etos en leeromgewing te kommunikeer.

Prosedure

- 'n Voltooide hardekopie van **beide** vorms **(Toestemming vir die gebruik van beelde en Toestemming om persoonlike inligting te gebruik)** moet by die klasregister onderwyser ingehandig word. Neem asb kennis dat geen epos-kommunikasie aanvaar word nie.
- Voltooi per leerder: Elke leerder moet sy eie vorm inhandig (nie per familie voltooi nie).

Ons vra u ondersteuning en begrip in hierdie verband.

Mnr. Sas du Plessis
Skoolhoof

044 873 3464

ontvangs@lgs.co.za • www.lgs.co.za • Laingstraat, George-Suid • Posbus 406, George, 6530

Aanhangsel A

Hierdie vorm moet in samewerking met die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting gelees word.

Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik:

- Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u, _____ (volle naam en van in drukskrif), hiermee Laerskool George-Suid vrywilliglik om u persoonlike inligting, sowel as dié van die leerder, soos gelys onderstaande, te verwerk (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek.)
- Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, sortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
- Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.

*"**Verantwoordelike party moet voorwaardes vir regmatige prosessering verseker."***

Die verantwoordelike party moet verseker dat die voorwaardes in hierdie Hoofstuk vervat, en alle maatreëls wat sodanige voorwaardes uitvoering gee, aan voldoen word ten tye van die vasstelling van die oogmerk en middele van die prosessering en gedurende die prosessering self."

- Persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is t.o.v. die doel waarvoor dit verwerk word en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
- Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Laerskool George-Suid persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en –beleide voorskryf.
- Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
- Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
    - Indien die datasubjek, of 'n bevoegde persoon ingeval die datasubjek 'n kind is, tot verwerking toestem.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die datasubjek 'n party is.
    - Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
    - Indien verwerking 'n regmatige belang van die datasubjek beskerm.
    - Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.

U regte ingevolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

- Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word en wanneer die skool dit bekend sal maak. Alle voormelde inligting word vervat in die skool se Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en Privaatheidsbeleid, wat by die skool beskikbaar is.
- Die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal u inligting op datum probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, moet die skool onverwyld in kennis gestel word sodat ons inligting so akkuraat moontlik kan wees.
- Die reg om u toestemming terug te trek. U mag die toestemming wat u die skool ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. Sodanige terugtrekkingsversoek moet op skrif geskied en aan die skoolhoof van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van inligting raak nie.

Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk mag word en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal wat verband hou met LGS in die vorm van SMS'e, WhatsApp, e-posse ens. van die skool, Oueraksie en Ondersteunersklub kan ontvang.

Toestemming om persoonlike inligting op uitsaaiplatforms beskikbaar te maak

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u persoonlike inligting insluitend in die vorm van video-opnames vir ‘n program in verband met die skool, asook enige deelname in enige skoolsport of skoolkuturele byeenkoms op ‘n televisiestasie of ander vorm van transmissie of uitsaaiplatform insluitend die internet, of toepassings uitgesaai mag word. Ten einde verwarring te voorkom en vir die doeleindes van duidelikheid, gee ek hiermee toestemming dat persoonlike inligting beskikbaar is vir verwerking op enige uitsaaiplatforms van enige filiale in die MutliChoice Groep van maatskappye insluitend SuperSport Schools (Pty) Limited, SuperSport International Limited en Showmax B.V.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in. ☐ Ek stem nie in nie. ☐

Leerderinlgting (bv. Jan Smit, Gr 1A): _____

Naam en Van van ouer/voog: _____

Adres: _____

_____ Poskode: _____

Selfoonnommer: _____

E-posadres: _____

Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____

Aanhangsel B

Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's/ -beeldmateriaal/ -video's

Ek, _____ (volle naam en van in drukskrif), verleen hiermee toestemming aan Laerskool George-Suid om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind hieronder te vertoon as deel van:

- 'n Demonstrasie/projek/aktiwiteit in die verloop van klaskameronderrig;
- 'n Voorbeeldprojek/ -aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- Die skool se webblaaie en sosiale media platforms (waaronder Facebook en Instagram);
- Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- Video-opnames vir 'n program in verband met die skool, asook enige deelname aan enige skoolsport of skoolkulturele byeenkoms wat op 'n televisiestasie of ander vorm van transmissie of uitsaaiplatform insluitend die internet, of toepassings uitgesaai mag word. Ten einde enige verwarring te voorkom en vir die doeleindes van duidelikheid, word hiermee toestemming gegee vir foto's, beeldmateriaal en persoonlike inligting om beskikbaar te wees op enige uitsaaiplatforms van enige filiale in die MultiChoice Groep van die maatskappye insluitend SuperSport Schools (Pty) Ltd, SuperSport International (Pty) Ltd en Showmax B.V en gee toestemming vir opname vir sodanige doeleindes en/of
- Enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot koerante, tydskrifte, jaarboeke ens.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skoolfoto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaaam en die skoolhoof goeddink en dat sodanige gebruik vertoning in die skool- en ander goedgekeurde fotograwe se fotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat, howel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word en volwassenes wat in die foto's/beeldmateriaal/video's verskyn, se besonderhede genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word en vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind in skoolwebpublikasies.

Daar benewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verky.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Vrywaringsvorm met betrekking tot leerderfoto's/ -beeldmateriaal/ -video's

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in. ☐ Ek stem nie in nie. ☐

Leerderinligting (bv. Jan Smit, Gr 1A): _____
Naam en Van van ouer/voog: _____
Adres: _____
_____ Poskode: _____
Selfoonnommer: _____
E-posadres: _____
Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____